kruiskerk.co.za
info@kruiskerk.co.za
wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Watter water drink jy?"

Skriflesing: Johannes 4:5-42

Lied 177

Jesus, gróót bo almal:
sterke Verlosser,
magtige Heer en Heiland,
Immanuel - God is met ons -
reddende Here, lewende Woord.

◆◆◆

"The Samaritan woman grasped what He said with fervor that came from an awareness of her real need. The transaction was fascinating. She has come with a buket. He sent her back with a spring of living water. She had come as a reject. He sent her back being accepted by God Himself. She came wounded. He sent her back whole. She came laden with questions. He sent her back as a source for answers. She came living a life of quiet desperation. She ran back overflowing with hope. The disciples missed it all. It was lunchtime for them."
– Ravi Zacharias, Jesus Among Other Gods: The Absolute Claims of the Christian Message

Broodjies vir die pad

"Disturb us, Lord, when we are too well pleased with ourselves,
when our dreams have come true because we have dreamed too little,
when we arrive safely because we sailed too close to the shore.

Disturb us, Lord, when with the abundance of things we possess,
we have lost our thirst for the waters of life,
having fallen in love with life, we have ceased to dream of eternity, and in our efforts to build a new earth,
we have allowed our vision of the new heaven to dim.

Disturb us, Lord, to dare more boldly, to venture on wider seas, where storms will show your mastery, where losing sight of land, we shall find the stars. We ask you to push back the horizon of our hopes, and to push us into the future in strength, courage, hope, and love. This we ask in the name of our Captain, who is Jesus Christ. "

– Francis Drake

◆◆◆

"Our culture has filled our heads but emptied our hearts, stuffed our wallets but starved our wonder. It has fed our thirst for facts but not for meaning or mystery. It produces nice" people, not heroes." (Peter Kreeft)

"We are all insane. That is what original sin means. Sin is insanity. It is preferring finite joy to infinite joy, creatures to the Creator, an unhappy, Godless self to a happy, God-filled self Only God can save us from this disease. That is what the name "Jesus" means: 'God saves'. (Peter Kreeft)

"The medievals loved to say that God wrote two books: nature and Scripture. And since he is the author of both books, and since this Teacher never contradicts himself, these two books never contradict each other. And since this God who never contradicts himself also gave us the two truth detectors, faith and reason, it follows that faith and reason, properly used, never contradict each other. Therefore, all heresies are contrary to reason. Not all the truths of faith can be proved by reason, but all arguments against the truths of faith can be disproved by reason." (Peter Kreeft)

Peter Kreeft is a Catholic apologist, professor of philosophy at Boston College and The King's College, and author of over 45 books including *Fundamentals of the Faith, Everything you Ever Wanted to Know about Heaven,* and *Back to Virtue.* Some consider him the best Catholic philosopher currently residing in the United States. His ideas draw heavily from religious and philosophical tradition, especially Thomas Aquinas, Socrates, G. K. Chesterton and C. S. Lewis. Kreeft has writings on Socratic logic, the sea, Jesus Christ, the Summa Theologica, angels, Blaise Pascal, and Heaven, as well as his work on the Problem of Evil, for which he was interviewed by Lee Strobel in his bestseller, *The Case for Faith.*

◆◆◆

Storie van Pieter-Dirk se pa weerklink op verhoog

AJ Opperman

Pieter-Dirk Uys se vertoning *The Echo of a Noise* gaan in 'n groot mate oor sy verhouding met sy pa, Hannes Uys.

En tot nog toe glo hy dié "eenman-memoire", eersdaags in Johannesburg en by die KKNK op die planke, is die mees universele produksie in sy repertorium.

"Miskien moes ek 71 jaar oud word om hierdie te vertel."

The Echo of a Noise word vanaf 22 Maart in Pieter Toerien se Studioteater by Montecasino in Johannesburg aangebied en die Afrikaanse vertaling daarvan, *Weerklank van 'n wanklank* ("Ek is so mal oor hierdie titel"), word gedurende die KKNK in Oudtshoorn opgevoer.

"Ek het begin wonder oor die verlede. Is my loopbaan nou verby of moet ek myself herskep? En skielik skryf ek oor my verhouding met my pa. Later jare het ons groot vriende geword."

Sy pa was lid van die sensuurraad en 'n pianis, soos Pieter-Dirk se ma, Helga Bassel, en sy suster, Tessa.

"My pa het my al die padwysers gegee. Daar was klein dingetjies waarvan hy nie gehou het nie. Hoewel hy op die sensuurraad was, het hy gesê ek moenie bang wees nie."

Die taal wat sy pa gepraat het, het hy ook waardeer.

"As hy egter gesê het: 'Pieter, come here', het ek geweet ek is in die moeilikheid."

Die grootste dissipline vir Uys met dié produksie was dat hy nie alles kon insluit wat hy sou wou vertel nie. Daar is genoeg stof vir 'n produksie van vier ure, sê hy.

Volgens Uys het sy pa 'n wonderlike styl van storie vertel gehad.

Uys het *The Echo of a Noise* die eerste keer in Grahamstad in 2015 opgevoer. Net een vertoning.

"Ek het so geskrik. Jy weet nie hoe dit gaan wees nie, maar binne die eerste 10 minute was daardie gehoor so in my hande asof ek tuis in die sitkamer gesels. Dis so 'n aansporing en inspirasie."

Mense se reaksie was baie positief.

Verlede jaar was die produksie weer by die Nasionale Kunstefees in Grahamstad.

Sy pa het hom op 'n dag handige raad gegee. "Hy sou vir my gesê het: 'Moenie vir my kwaad maak met 'n gevloek nie. Jy steek jou vinger in my oog. Kielie my agter my oor, en as ek lekker voel en ek draai om, gaan my oog jou vinger vind'. Dit is 'n les wat ek geleer het."

'n Mens moet die gehoor aan die raai hou.

"Ek beskou komedie as die grap, maar humor is die persoonlike reaksie vir vrees."

Op die verhoog staan hy alleen, sonder enige ander hulpmiddels. Hy het ook geen grimering aan nie.

Sy pa was in 'n stadium sy musiekonderwyser, 'n man met ambisie. Sy pa het uiteraard ook die verhoog geken.

Uys is sedert 1975 "werkloos".

Toe sy ouma hom gevra het wat van hom gaan word, het hy geweet hy gaan iets oorspronklik doen. Hy sou iets doen wat hy vandag doen.

* *The Echo of a Noise* word van 22 Maart tot 9 April in die Studioteater in Johannesburg aangebied en van 4 tot 15 Julie in die Theatre on the Bay in Kaapstad. *Weerklank van 'n wanklank* word by die KKNK op 11 April om 20:00, 12 April om 11:00 en 14 April om 14:00 opgevoer.

http://www.netwerk24.com/Vermaak/Teater/storie-van-pieter-dirk-se-pa-weerklink-op-verhoog-20170315

Brood vir die pad

Maar skaam hulle dan nie vir hulle nie?

DJS

Op 'n teologiedag in Stellenbosch – die eerste dag van elke akademiese jaar wanneer die teologiefakulteit tradisioneel met 'n konferensie met genooide sprekers en 'n groot gehoor van studente en die breë publiek begin – praat Trevor Manuel, oor die Nasionale Ontwikkelingsplan, opgestel gedurende sy tyd in die kantoor van die president.

Hy verduidelik die plan – dalk omdat hy met meesal kerkmense praat – deur by die laaste, 15de hoofstuk te begin. Dié handel oor sosiale kohesie, die gevoel dat ons sáám in een boot is, lotsverbonde, vir mekaar verantwoordelik, van mekaar afhanklik, en daarom behoort sáám te strewe. Dié saamstreef vra uiteraard morele oortuigings, naamlik dat ons wel ómgee vir die ontwikkeling en welsyn van ánder, veral óók dié wat uitgesluit en benadeel is en voel. Met goeie reg hoop hy egter – dalk omdat hy met meesal kerkmense praat – dat dié gevoel wel wyd verbreid onder sy gehoor sal lewe.

Dit vra egter ook vertroue, die intuïtiewe vertroue dat ons wél mekaar se beswil op die hart dra. En dis 'n probleem, oraloor. Ons wêreld kort onderlinge vertroue. Talle geleerdes skryf hieroor – ontstellende verhale van ontstellende statistiek, van houdings in skole tot uitbeeldings in die media tot retoriek in die politiek tot by die vrae en vermoedens en vrese in ons eie harte. Diep binne vertrou ons nie regtig dat ander ons beswil wil nie, nes hulle óns goeie bedoelinge nie eintlik vertrou nie. En dit gaan nie (bloot) om klowe tussen taal of ras of gender of kultuur nie, dit gaan om *The Problem of Trust* self, wat die sosioloog Adam Seligman as dié moderne uitdaging beskryf.

Dié dag – dalk omdat hy met meesal kerkmense praat – sê die gewese minister dis asof vele van ons ons verantwoordelikhede "uitgekontrakteer" het. Verwag dat "hulle" alles sal doen. Ons kyk – skepties – of "hulle" dit regkry, wat "hulle" alles probeer en waarin "hulle" misluk. Ons vertrou "hulle" nie dat "hulle" die drome van die eerste 14 hoofstukke van die Plan kan of gáán uitvoer nie. Ons blameer "hulle" vir alles wat skeefloop.

Ons word "passiewe nihiliste", noem die filosoof Simon Critchley dié houding. Ons kyk bloot toe en gee nie genoeg om om by te dra nie. Ons kritiseer maar doen self skaars iets, sê hy. As gevolg van diepe teleurstelling, sê Critchley, verander ons van burgers na beterweters, van spelers na toeskouers, van konstruktiewe helpers na kritiese hovaardiges. Ons wonder selfs of "hulle" dan nie vir "hulle" skaam oor hoe dinge deesdae lyk nie – en vergeet dié "hulle" is ook "ons".

http://www.netwerk24.com/Stemme/maar-skaam-hulle-dan-nie-vir-hulle-nie-20170310

◆◆◆

"People where you live," the little prince said, "grow five thousand roses in one garden... yet they don't find what they're looking for...
They don't find it," I answered.
And yet what they're looking for could be found in a single rose, or a little water..."
Of course," I answered.
And the little prince added, "But eyes are blind. You have to look with the heart."
– Antoine de Saint-Exupéry, The Little Prince

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877